education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 10

REKENINGKUNDE V1

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, ‘n 6 bladsy antwoordeboek en ’n formuleblad.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ‘n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers is aan die einde van die vraestel vir jou verskaf. Jy mag dit gebruik indien jy wil.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ‘n nie-progammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ‘n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 30 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begrippe Rekeningkundige vergelyking	AARP-Rekeningkunde Begrippe Rekeningkundige vergelyking

VRAAG 2: 55 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Inkomstestaat	Jaareinde aansuiwerings Inkomstestaat van ’n eenmansaak

VRAAG 3: 40 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Balansstaat en notas	Begrippe Jaareinde aansuiwerings Balansstaat en notas

VRAAG 4: 25 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Ontleding en vertolking	Begrippe Berekening van finansiële aanwysers Vertolking van finansiële aanwysers

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEGRIPPE EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

(30 punte; 25 minute)

1.1 AARP-BEGINSELS

Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 G. (5)

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Hierdie beginsel beteken dat die persoon wat die boeke opstel sal aanneem dat die onderneming in die nabye toekoms sal voortgaan om handel te dryf.	A Historiesekoste-beginsel
1.1.2 Die inkomste gegenereer gedurende 'n sekere finansiële periode en die uitgawes aangegaan om die inkomste te genereer vir die periode moet albei in ag geneem word in die spesifieke finansiële periode.	B Besigheidsenteits-beginsel
1.1.3 Volgens hierdie beginsel hoef inligting wat nie belangrik is nie en wat nie die besluitnemingsproses gaan beïnvloed nie, nie in die finansiële state getoon te word nie.(bv. Skoonmaakmiddels kan as Diverse uitgawes beskou word.)	C Omsigtigheids-beginsel
1.1.4 Vaste bates aangekoop word aangeteken in die Bate-rekening en reflekteer die bedrag wat elke bate oorspronklik gekos het.	D Wensenlikheids-beginsel
1.1.5 Geld wat verlore is deur diefstal van handelsvoorraad sal afgeskryf word, al is daar 'n baie goeie moontlikheid dat ons die geld in die toekoms sal terug kry.	E Paringsbeginsel
	F Lopende saak beginsel

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Die transaksies verskyn in die boeke van Leo Winkels. Die besigheid handhaaf 'n bruto winsopslag van 50**%** op kosprys.

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte wat in die ANTWOORDBOEK voorsien is. (25)

Aanvaar dat die Banksaldo vir al die transaksies **gunstig** is.

Voorbeeld: Die eienaar neem goedere vir persoonlike gebruik, R500.

TRANSAKSIES:

1.2.1 Leo winkels betaal hul rekening/skuld van R 3 000 aan 'n krediteur.

1.2.2 'n Debiteur stuur goedere, kosprys R500 terug aan die besigheid.

1.2.3 Koop handelsvoorraad kontant, R14 000 minus 8% handelskorting.

1.2.4 'n Krediteur belas die onderneming met R25 se rente op die agterstallige rekening wat Leo Winkels vergeet het om betyds te betaal.

30

VRAAG 2: INKOMSTESTAAT (55 punte; 45 minute)

Die inligting hieronder is geneem uit die boeke van RAV Verspreiders. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2019. Die winsopslag persentasie wat deur RAV Verspreiders gebruik word, is 75%.

GEVRA:

Stel die Inkomstestaat van RAV Verspreiders vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019 op. (55)

INLIGTING:

Vooraansuiweringsproefbalans van RAV Verspreiders op 28 Februarie 2019

	Debiet	Krediet
Balansstaatrekeninge-afdeling		
Kapitaal		784 490
Onttrekkings	403 860	
Lening: DEF Bank (18% p.j.)		235 000
Grond en geboue	910 000	
Toerusting	140 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		52 000
Handelsvoorraad	16 500	
Debiteurekontrole	20 720	
Bank	55 500	
Krediteurekontrole		135 000
Nominale rekeninge-afdeling		
Verkope		875 000
Koste van verkope	400 000	
Debiteure-afslag	13 000	
Lone	20 300	
Kommissie-inkomste		8 400
Salarisse	95 250	
Huurinkomste		37 100
Korting toegestaan	800	
Korting ontvang		880
Versekering	9 800	
Bankkoste	1 210	
Oninbare skulde	2 300	
Telefoon	12 560	
Water en elektrisiteit	11 700	
Skryfbehoeftes	10 800	
Diverse rekeninge	3 570	
	2 127 870	2 127 870

Aansuiwerings en addisionele inligting:

A. Kommissie van R4 000 is nog nie deur die onderneming ontvang nie.

B. Die telefoonrekening vir Februarie 2019 is nog nie aangeteken nie, R1 450.

C. Voor die voorraadopname maak die onderneming 'n donasie van goedere aan 'n plaaslike crèche, wat vir R1 400 verkoop kon word. Geen inskrywing is van die transaksie gemaak nie.

D. Die fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2019 het aan die lig gebring dat die volgende voorhande is:

- Handelsvoorraad R15 500
- Skryfbehoeftes R460

E. 'n Debiteur wat R1 200 skuld, word insolvent verklaar. 'n Dividend van 40 sent in die rand is ontvang en aangeteken. Die res moet as oninbaar afgeskryf word.

F. 'n Bedrag van R2 000 word ontvang van B. Ben, 'n debiteur wie se rekening die vorige jaar as oninbaar afgeskryf is. Die Debiteurekontrolerekening asook die rekening van B. Ben is gekrediteer. Herstel die fout.

G. Die bankstaat vir Februarie is ontvang nadat die Vooraansuiwerings-proefbalans opgestel is. Die volgende moet aangesuiwer word:

- Geweierde tjek, R2 000. Dit was vir die vereffening van die rekening van H. Heidi vir R2 040.
- Rente op gunstige banksaldo, R480.
- Bankkoste, R183

H. Die versekeringsbedrag sluit 'n jaarlikse premie van R2 160 in wat op 1 Julie 2018 betaal is.

I. Die huur het met R400 per maand vanaf 1 November 2018 toegeneem. Die huur vir Maart 2019 is ontvang en gedeponeer.

J. Rente op 'n lening van DEF Bank is nog nie aangeteken nie. Rente word gekapitaliseer. Die leningstaat is ontvang van DEF Bank en reflekteer die volgende:

Saldo op 1 Maart 2018	270 000
Terugbetalings deur die jaar	85 000
Rente	?
Saldo op 28 Februarie 2019	235 000

K. Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die kosprysmetode. Nuwe toerusting is op 1 September 2018 vir R24 000 aangekoop. Die transaksie is geboekstaaf.

55

VRAAG 3: BEGRIPPE EN NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT

(40 punte; 30 minute)

3.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

3.1.1 Bedryfsbates sluit items in wat na verwagting binne een jaar in kontant omgeskakel kan word. (1)

3.1.2 Nie bedryfslaste sluit skuld in wat binne een jaar vereffen word. (1)

3.1.3 Krediteure vir salarisse en SAID (LBS) sal onder bedryfsbates verskyn. (1)

3.2 Thabo Sepere besit 'n skoenwinkel met die naam Thabo skoene. Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die Na-aansuiweringsproefbalans op 30 September 2019. Die boekhouer het nog nie alle aansuiwerings in berekening gebring nie.
Let wel: Die Netto wins vir die jaar is R774 300.

GEVRA:
Gebruik die proefbalans sowel as die addisionele inligting om die volgende op 30 September 2019 op te stel:

3.2.1 Voorraad (4)

3.2.2 Handels- en ander ontvangbares (5)

3.2.3 Eienaarsbelang (7)

3.2.4 Handels- en ander betaalbares (6)

3.2.5 Staat van finansiële posisie (Balansstaat) (15)

UITTREKSEL UIT NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN THABO SKOENE OP 30 SEPTEMBER 2019

Balansstaatrekeninge-afdeling	**Debiet**	**Krediet**
Kapitaal (01 Oktober 2018)		1 036 470
Onttrekkings	33 870	
Handelsvoorraad	105 000	
Vaste Bates	1 933 000	
Debiteurekontrole	80 500	
Vaste Deposito	649 350	
Lening: ASA		120 000
SAID (LBS)		4 600
Opgelope inkomste (rente op vaste deposito)	8 700	
Opgelope uitgawes (rente op lening)		5 500
Verbruiksgoedere voorhande (skryfbehoeftes)	900	
Bank		710 000
Wisselgeld	8 500	
Kleinkas	5 000	
Krediteurekontrole		55 000

AANSUIWERING WAT NOG NIE IN BEREKENING GEBRING IS NIE:

A. Thabo Sepere het 'n voertuig ter waarde van R100 000 op 1 Januarie 2019 na die besigheid oorgeplaas. Dit is nog nie geboekstaaf nie.

B. Op 30 September 2019, nadat die fisiese voorraadopname gedoen is, het Thabo skoene met 'n kosprys van R2 000 vir sy persoonlike gebruik geneem. Dit is nog nie geboekstaaf nie.

C. Daar word jaarliks 'n paaiement van R20 000 op die lening by ASA terugbetaal op 31 Desember.

D. Die huur-inkomsterekening toon 'n totaal van R102 000. Dit sluit drie maande se huur in wat vooruitontvang is.

E. Daar is R950 te veel versekering betaal. Hierdie bedrag moet teen die bedrag verskuldig in die volgende jaar, verreken word.

F. 'n Bedrag van R500 is verkeerdelik teen die debiteurekontrolerekening gekrediteer. Hierdie bedrag is van C. Els, 'n debiteur wie se rekening reeds in 2017 as oninbaar afgeskryf is, ontvang.

40

VRAAG 4: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING

(25 punte; 20 minute)

Gebruik die inligting vir Beatle Bailey en beantwoord die volgende vrae.

Na-afsluitingsproefbalans op 30 Junie	**2019**	**2018**
Vaste Bates	222 664	203 804
Vaste Deposito: ABSA (10%)	45 000	45 000
Voorraad	54 070	42 120
Handels- en ander ontvangbares	34 700	25 328
Kontant en kontantekwivalente	1 650	6 200
Eienaarsbelang	271 430	180 000
Verbandlening: Eerste Bank (15% p.j)	60 000	120 000
Handels- en ander betaalbares	26 654	22 452

Addisionele inligting:

Koste van verkope	600 000
Bedryfsuitgawes	158 000
Netto wins	130 000

GEVRA:

4.1 Bereken Verkope as die onderneming ŉ winsopslag van 50% op kosprys gebruik. (2)

4.2 Bereken die opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang. Behoort die eienaar tevrede te wees met die opbrengs? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (6)

4.3 Bereken die bedryfskapitaalverhouding vir 2019. (5)

4.4 Bereken die vuurproefverhouding vir 2019. (4)

4.5 Bereken die graad van solvensie vir 30 Junie 2019. (8)

25

TOTAAL 150

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates : Totale laste	

Kopiereg voorbehou